# HOOFSTUK 5: EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGE

## 5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstukke is daar gefokus op die Gestaltbenadering, die kind wat onsedelik aangerand is en hofvoorbereiding. Die doel van hierdie hoofstuk is om ‘n uiteensetting te gee van die empiriese gegewens en navorsingsbevindinge. Vir die doel van studie is data ingewin deur semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe met maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en ‘n vrywilliger wat kennis en ervaring het op die gebied van hofvoorbereiding en/of die Gestaltbenadering.

## 5.2 UNIVERSUM

Vir die doeleindes van hierdie studie het die universum bestaan uit maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en ‘n vrywilliger, geselekteer sonder enige geslag-, taal- of kultuurvooroordeel. Hierdie persone het verder almal ervaring van die Gestaltbenadering en/of hofvoorbereiding met die kind. Die populasie stel egter grense aan die studie-eenheid; in die studie is die populasie dus beperk tot maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en ‘n vrywilliger in die Wes-Kaap wat aan genoemde vereistes voldoen het.

Met die bogenoemde universum en populasie in gedagte het die navorser deur middel van doelbewuste steekproefneming sewe maatskaplike werkers, ses regspersone, twee tussengangers en ‘n vrywilliger wat saam met ‘n tussenganger werk, as respondente geselekteer.

## 5.3 AGTERGROND VAN DIE RESPONDENTE

Die professionele agtergrond van die respondente wat in die studie betrek is, word kortliks hieronder weegegee.

Die respondente is verdeel in vier groepe: die maatskaplike werkers (A), die regspersone (B), die tussengangers (C), en die vrywilliger (D).

**Respondent A 1:** **Maatskaplike Werker**

Professie: Hoof Maatskaplike Werker.

Werksaam: Bestuurder van ‘n Veiligheidsplek vir kinders wat verwyder is hangende ondersoek na sorgbehoewendheid met die oog op alternatiewe versorging.

Ervaring: Hy is 18 jaar in die professie en was ook in diens by die Gesinshofadvokaat. Hy het ervaring as ‘n kinderhofassistent, asook met die hofvoorbereiding van kinders wat onsedelik aangerand is. Verder het hy gewerk by ‘n gesinsorganisasie waar hy ondervinding opgedoen het van die gesin en gemeenskap.

**Respondent A 2:** **Maatskaplike Werker**

Professie: Hoof Maatskaplike Werker.

Werksaam: Die TygerBeer Eenheid vir Getraumatiseerde Kinders en Gesinne, Departement Maatskaplike Werk te Tygerberg Hospitaal.

Ervaring: Sy is reeds die afgelope 27 jaar in die professie en is tans die hoof van die TygerBeer Eenheid vir Getraumatiseerde Kinders en Gesinne. Sy bied praktykleiding aan ses maatskaplike werkers wat kinders assesseer ten opsigte van trauma-verwante gebeure en hofvoorbereiding. Sy maak veral gebruik van die Gestaltbenadering om kinders tydens Spelterapie te ondersteun.

**Respondent A 3:** **Maatskaplike Werker**

Professie: Hoof Maatskaplike Werker.

Werksaam: Die TygerBeer Eenheid vir Getraumatiseerde Kinders en Gesinne, Departement Maatskaplike Werk te Tygerberg Hospitaal.

Ervaring: Sy is die afgelope 22 jaar in die professie en funksioneer tans as ‘n hoof maatskaplike werker in die hoedanigheid van toesighouer wat betrokke is by die opleiding van maatskaplikewerk en mediese studente. Sy het nagraadse opleiding in Spelterapie.

**Respondent A 4:** **Maatskaplike Werker**

Professie: Hoof Maatskaplike Werker.

Werksaam: Die TygerBeer Eenheid vir Getraumatiseerde Kinders en Gesinne, Departement Maatskaplike Werk te Tygerberg Hospitaal.

Ervaring: Die respondent is die afgelope 16 jaar in ‘n gespesialiseerde pos wat aandag skenk aan die kind wat blootgestel is aan enige vorm van mishandeling. Die mishandeling sluit onsedelike aanranding en fisiese en emosionele verwaarlosing in. Die getraumatiseerde kinders word tydens hofvoorbereiding ook vanuit die Gestaltbenadering bedien.

**Respondent A 5:** **Maatskaplike Werker**

Professie: Hoof Maatskaplike Werker.

Werksaam: Die TygerBeer Eenheid vir Getraumatiseerde Kinders en Gesinne, Departement Maatskaplike Werk te Tygerberg Hospitaal.

Ervaring: Die respondent is reeds 16 jaar in diens van die Departement Maatskaplike Werk waar sy veral ervaring opgedoen het van die kind wat onsedelik aangerand is en moet deelneem aan die kriminele verhoor. Sy was voorheen in diens van die Provinsiale Administrasie waar sy ervaring opgedoen het van forensiese maatskaplike werk. Sy maak ook gebruik van die Gestaltbenadering tydens assessering van die kind en sy gesin.

**Respondent A 6:** **Maatskaplike Werker**

Professie: Hoof Maatskaplike Werker.

Werksaam: Die TygerBeer Eenheid vir Getraumatiseerde Kinders en Gesinne, Departement Maatskaplike Werk te Tygerberg Hospitaal.

Ervaring: Die respondent is die afgelope 11 jaar in diens van die Departement Maatskaplike Werk in die afdeling Kinderpsigiatrie waar sy veral ervaring opgedoen het van kinders wat onsedelik aangerand is en moet deelneem aan die kriminele verhoor. Sy het ook goeie agtergrond van die Strafreg deur haar ondervinding van maatskaplike diens in die Suid Afrikaanse Polisiediens waar sy ongeveer vyf jaar lank werksaam was. Sy is ook bekend met die Gestaltbenadering.

**Respondent A 7:** **Maatskaplike Werker**

Professie: Maatskaplike Werker.

Werksaam: Provinsiale Administrasie Wes-Kaap te Parowhof.

Ervaring: Sy is reeds vyf jaar in die professie, en werk die afgelope jaar by Parowhof waar sy kinders twee dae per week, voorberei om deel te neem aan die kriminele verhoor.

**Respondent B 1:** **Regspersoon**

Professie: Senior Staatsaanklaer.

Werksaam: Wynberghof.

Ervaring: Sy is reeds tien jaar in die professie en beklee die afgelope vier jaar haar huidige pos as staatsaanklaer van die Spesiale Hof vir die Ondersoek van Seksuele Misdrywe teen Kinders.

**Respondent B 2:** **Regspersoon**

Professie: Staatsaanklaer.

Werksaam: Wynberghof.

Ervaring: Hy is die afgelope twee jaar 'n staatsaanklaer van die Spesiale Hof vir die Ondersoek van Seksuele Misdrywe teen Kinders. Hy het ook ondervinding as staatsaanklaer in strafsake van geringe oortredings soos diefstal.

**Respondent B 3:** **Regspersoon**

Professie: Staatsaanklaer.

Werksaam: Wynberghof.

Ervaring: Dié staatsaanklaer het ondervinding opgedoen van strafsake van geringe oortredings soos diefstal alvorens sy aangestel is in haar huidige pos as staatsaanklaer van die Spesiale Hof vir die Ondersoek van Seksuele Misdrywe teen Kinders. Sy is die afgelope twee jaar in die pos.

**Respondent B 4:** **Regspersoon**

Professie: Staatsaanklaer.

Werksaam: Wynberghof.

Ervaring: Dié staatsaanklaer het by strafsake van geringe oortredings soos diefstal begin alvorens sy aangestel is in haar huidige pos as staatsaanklaer van die Spesiale Hof vir die Ondersoek van Seksuele Misdrywe teen Kinders. Sy is die afgelope vier maande in die pos.

**Respondent B 5: Regspersoon**

Professie: Staatsaanklaer.

Werksaam: Wynberghof.

Ervaring: Dié staatsaanklaer het by strafsake van geringe oortredings soos diefstal begin alvorens sy aangestel is in haar huidige pos as staatsaanklaer van die Spesiale Hof vir die Ondersoek van Seksuele Misdrywe teen Kinders. Sy is die afgelope maand in die pos.

**Respondent B 6: Regspersoon**

Professie: Staatsaanklaer.

Werksaam: Parowhof.

Ervaring Die persoon is die afgelope tien jaar ‘n staatsaanklaer. Sy het begin by strafsake van geringe oortredings soos diefstal alvorens sy aangestel is as staatsaanklaer van die Spesiale Hof vir die Ondersoek van Seksuele Misdrywe teen Kinders. Sy is die afgelope vier jaar in die pos.

**Respondent C 1: Tussenganger**

Professie: Hoof Maatskaplike Werker .

Werksaam: Koördinering van Rapcan se dienste as tussengangers in die Wes-Kaap.

Ervaring: Sy is reeds die afgelope ses jaar in die pos as koördineerder en gee praktykleiding aan die tussengangers wat kinders voorberei om deel te neem aan die kriminele verhoor.

**Respondent C 2: Tussenganger**

Professie: Tussenganger, vaardig in Xhosa en Engels.

Werksaam: Wynberghof.

Ervaring — Sy is reeds vier jaar in diens van Rapcan as tussenganger by Wynberghof.

**Respondent D 1:** **Vrywilliger**
Professie: Huisvrou .
Werksaam: Wynberghof.
Ervaring: Sy werk die afgelope drie maande saam met die bogenoemde tussenganger.

## 5.4 RESULTATE VAN DIE STUDIE

Die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe is met die toestemming van die respondente op band opgeneem. Die inligting is volgens die onderstaande vrae gekategoriseer.

Vraag 1: Wat is die doel van hofvoorbereiding?
Vraag 2: Watter inligting, aspekte en/of temas behoort in 'n hofvoorbereidingsprogram aandag te geniet, met ander woorde, wat is na u mening die omvang van hofvoorbereiding?
Vraag 3: Wat is u mening aangaande die ideale plek, tyd en duur van hofvoorbereiding?
Vraag 4: Oor watter spesifieke aspekte benodig die kind kennis ten opsigte van hofvoorbereiding?
Vraag 5: Wat is die rol van die gesin tydens hofvoorbereiding?
Vraag 6: Op watter wyse kan die kind tydens hofvoorbereiding bemagtig word?
Vraag 7: Watter rolspelers is na u mening belangrik tydens die hofsaak? Moet die kind op elke rolspeler se rol voorberei word?
Vraag 8: Is daar enige aspekte ten opsigte van die laerskoolkind wat spesifiek in ag geneem moet word tydens hofvoorbereiding?
Vraag 9: Watter tegnieke, beginsels en hulpmiddels vanuit die Gestaltbenadering kan benut word in 'n hofvoorbereidingsprogram met die laerskoolkind?
Vraag 10: Is daar enige ander aspekte ten opsigte van hofvoorbereiding wat u as belangrik ag of waarop die kind voorberei moet word?

Die resultate van die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe is verwerk en word vervolgens bespreek. Vir elk van die bostaande vrae word telkens ‘n samevatting gegee van die respondente se terugvoer, asook ‘n kort aanduiding of die terugvoer in ooreenstemming is met bevindings in die literatuur.

**Vraag 1: Wat is die doel van hofvoorbereiding?**

Hieronder is ‘n samevatting van die verskillende respondente se antwoorde op hierdie vraag.

- Hofvoorbereiding is nodig om aan die ouer of versorger te verduidelik hoekom dit nodig is dat die vrae gevra word; hoekom dit nodig is dat die hof die vrae vra; hoekom dit belangrik is om die waarheid te vertel; en om basiese inligting oor die kind se rol as getuie te verskaf sodat die ouer en kind weet wat voorlê.
- Die kind moet bekend gestel word aan die hofprosedures, die verskillende rolspelers in die hof en wat hulle van hom verwag.
- Daar moet aan kinders verduidelik word waarom dit belangrik is om die waarheid te getuig.
- Kinders moet die reëls van ondervraging ken alvorens hulle deelneem aan die verhoor.
- Hofvoorbereiding is noodsaaklik omdat die kind moet verstaan wat die prosedures en werkswyse in die hof is wat sy rol as getuie is, hoekom hy vrae moet beantwoord en hoekom vrae herhaaldelik gevra word op verskillende maniere. Die kind moet elke rolspeler se funksie in die hof ken en moet weet hoe hy daarop moet reageer.
- Hofvoorbereiding help met die voorkoming en vermindering van trauma.
- Kinders kan dikwels nie penetrasie onderskei van betasting nie. Die kind is skaam om oor die insident te praat.
- Hofvoorbereiding moet die kind help om in sy taal te verduidelik wat hy byvoorbeeld bedoel as hy getuig dat hy “gerape” of “ougat gemaak” is.
- Hofvoorbereiding is noodsaaklik om die kind te motiveer om te getuig. Die fase waarin die kind hom bevind bepaal sy gemotiveerdheid om te getuig.
- Hofvoorbereiding is noodsaaklik omdat kinders dikwels begin huil tydens hul deelname aan die verhoor weens spanning, onsekerheid en onvermoë om die kruisondervraging te hanteer. Dit het tot gevolg dat hul getuienis ongeloofwaardig voorkom en hulle sekondêre trauma ervaar.

- Hofvoorbereiding moet ten doel hê om die kind se geloofwaardigheid te verhoog sodat sy getuienis tot skuldigbevinding kan lei. Hofvoorbereiding is noodsaaklik omdat dit vir die kind dikwels nodig is om die verhouding met die oortreder in stand te hou weens een of ander emosionele behoefte waarin die oortreder voorsien.
- Hofvoorbereiding is noodsaaklik sodat die kind kan verstaan dat hy regte in die hof het, dat hy 'n belangrike bron van inligting is en dat hy gemaklik kan wees in die hof.
- Die doel van hofvoorbereiding is om die kind se gevoelens van skuld op te klaar en hom emosioneel in staat te stel om sy weergawe van onsedelike aanranding sonder vrees weer te gee.

Die literatuur bevestig die respondente se sienings van die doel van hofvoorbereiding. Sadan (2004:239) is byvoorbeeld van mening dat die kind 'n grootmenswêreld betree waar hy min of geen ervaring het van die regstelsel en die verloop van 'n kriminele verhoor waarin hy moet funksioneer nie. Hy moet kan getuig om watter redes hy as 'n slagoffer deur die hof beskou word. Hy moet in staat wees om sy onsedelike aanranding, waarvan hy min of geen kennis het, weer te gee. Sadan stel dit verder dat die trauma wat die kind tydens kruisondervraging ervaar en sy reaksie daarop, kan veroorsaak dat sy getuienis bevraagteken word.

Die navorser is van mening dat hofvoorbereiding die kind moet inlig waarom hy die grootmenswêreld moet betree en oor 'n onaangename insident soos onsedelike aanranding moet getuig met die minste trauma moontlik.

**Vraag 2: Watter inligting, aspekte en/of temas behoort in 'n hofvoorbereidingsprogram aandag te geniet, met ander woorde, wat is na u mening die omvang van hofvoorbereiding?**

Die onderstaande inligting, aspekte en/of temas behoort volgens die respondente in 'n hofvoorbereidingsprogram aandag te geniet.

- Die kind se behoetes rondom hofvoorbereiding moet in ag geneem word om hom voor te berei om deel te neem aan die kriminele verhoor.

- Die kindergetuie se kommunikasievaardighede moet bevorder word sodat hy kan sê as hy nie ‘n vraag wat aan hom in die hof gestel word, verstaan nie.
- Die kind moet die volgende begrippe verstaan om in staat te wees om te kan getuig: wet, waarheid/leuens en skuldig/onskuldig. Alhoewel die kind dikwels nie in staat is om die “eed” te verstaan nie, word hy deur die hof gewaarsku om die waarheid te praat.
- Kinders moet verstaan hoekom dit noodsaaklik is om net die waarheid te praat en wat die gevolge daarvan vir hul geloofwaardigheid en vir die beskudigde inhou.
- Hofvoorbereiding moet die kind se geloofwaardigheid wat noodwendig in die hof getoets moet word, bevorder.
- Die kindergetuie moet die hof vooraf besoek of foto’s van die hof sien om aan hom duidelik te maak waar hy gaan getuig.
- Waardevolle ondersteuning kan aan die kind gebied word indien die ouer die nodige terapie en leiding ontvang om die kind nie te intimideer nie. Ouers wat te oorbetrokke of oorbeskermd is bemagtig nie die kind nie, maar beïnvloed hulle weergawe van die gebeure. Dit bemoeilik die saak omdat die kind se geloofwaardigheid juis bevraagteken word. Dit lei tot verdere kruisondervraging wat skuldigbevinding tersyde kan stel.
- Regsbeamptes slaag nie daarin om die kind in die hof op sy gemak te stel nie weens die onderbrekings en lang tussenpouses van hofsake. Wanneer die kind terugkeer van sy sosiale omgewing, moet die betrokke beamptes hom weer gerusstel alvorens hulle hom kan motiveer om saam te werk. Dit gebeur omdat die kind deur betekenisvolle persone in sy lewe beïnvloed is. Daar moet ‘n organisasie of instansie wees wat dienste aan die kind wat onsedelik aangerand is köordineer met die oog op hofvoorbereiding. Die terapeut moet die kind en ouer op hoogte hou van die verloop van die hofproses. Sy moet verder aandag gee aan praktiese probleme soos om vas te stel wanneer die hofdatum is, hoe die kind en ouer daar gaan kom en wie hulle na die hof kan neem.
- Na getuienisaflegging of uitspraak in ‘n strafsaak moet die kind en ouer ontlont word sodat die kind die uitspraak kan verstaan, byvoorbeeld waarom die oortreder nie gevonnis is nie. Die kind se vrese en bekommernisse oor die uitspraak moet aangespreek word deur die terapeut wat hom voorberei het. Hofvoorbereiding is ‘n

voortgaande proses wat ‘n bydrae tot die vermindering van spanning en angs in die kind lewer.

Die literatuur noem volgens Plotnikoff en Woolfson (in Hollely 2000d:292) dat die omvang van ‘n hofvoorbereidingsprogram die volgende ten doel het:

- om die kind se behoeftes ten opsigte van die hof vas te stel;
- om die kind te help om die hofproses en sy rol daarin te verstaan;
- om die kind te neem om die hof te besoek of indien dit nie moontlik is nie, om hom deur middel van foto’s voor te berei;
- om die kind van tegnieke en metodes te voorsien om sy spanning te verminder of te hanteer;
- om die versorger of ouer te betrek in die ondersteuning van die kind;
- om inligting aan die verskillende rolspelers in die regstelsel te kommunikeer; en
- om die kind te vergesel op die dag wat hy moet getuig en hom te ondersteun na verloop van die hofsaak.

Die kind en sy ouers moet op hoogte gehou word van die verloop van die regsproses en praktiese probleme moet aandag geniet, soos byvoorbeeld vervoer na die hof op die dag van die verhoor.

Murray (in Hollely 2000d:293) is van mening dat hofvoorbereiding ‘n deurlopende proses is wat die kind deurgans motiveer om getuienis te lewer. Die feit dat die kind weet wat om te verwag, kan daartoe bydra dat sy spanning verminder.

**Vraag 3: Wat is u mening aangaande die ideale plek, tyd en duur van hofvoorbereiding?**

Die respondente se respons op hierdie vraag kan soos volg saamgevat word.

- Hofvoorbereiding kan in ‘n kantoor by die hof wees. ‘n Belangrike komponent van ‘n hofvoorbereidingsprogram is om die kind bekend te stel aan die hof waar hy getuienis

gaan gee. Die ideale plek sal wees daar waar die kind veilig en gemaklik is en nie noodwendig by die hof self nie.

- Die hofvoorbereiding moet nie te lank en nie te kort voor die verhoor plaasvind nie. Die hofvoorbereiding behoort op die laatste ten minste twee dae voor die tyd plaas te vind sodat die kind nog tyd het om enige vrae en onduidelikhede uit te klaar voor die hofsaak. Die ideale tyd vir hofvoorbereiding sou wees in die laaste maand voor die verhoor sodat die kind 'n paar sessies van voorbereiding kan bywoon.
- Verhoudingsbou tussen die terapeut en die kind is 'n belangrike komponent van hofvoorbereiding. Vir dié doel moet daar in ten minste twee tot drie sessies van 30 minute elk ruimte gemaak word vir verhoudingsbou, selfbeeldversterking en kommunikasievaardighede.
- Die aantal sessies wat as die ideaal aangedui word is vier tot vyf sessies as die hofsaak uitgestel word oor 'n lang tydperk. Dit moet egter beklemtoon word dat die tyd en die tydperk van hofvoorbereiding afhang van die kind. Vir sommige kinders is een of twee sessies voor die verhoor genoegsaam.

Die literatuur noem volgens Hollely (2000d:295) dat daar deur interdissiplinêre samewerking en koördinering 'n geskikte plek vir die aanbieding van hofvoorbereiding gevind kan word. Volgens Plotnikoff en Woolfson (in Hollely 2000d:296) is daar verskeie oorwegings wat in aanmerking geneem moet word by die vasstelling van die tyd en duur van die hofvoorbereiding. Die betrokke oorwegings word hieronder genoem.

- Die tyd en duur van die hofvoorbereiding moet volgens die pas van die kind bepaal word.
- Gestruktureerde programme bevat maksimum vier tot agt sessies met een of twee na-verhoor sessies.
- Sessies moet nie te lank wees nie. Gebruik liewer meer sessies met 'n korter duur, byvoorbeeld drie twintig minute sessies in plaas van een uurlange sessie.

**Vraag 4: Oor watter spesifieke aspekte benodig die kind kennis ten opsigte van hofvoorbereiding?**

Die onderstaande soorte kennis is deur die respondente geïdentifiseer as noodsaaklik vir die kind in sy rol as getuie.

- Die kind moet met sy rol as getuie identifiseer om deel te neem aan die kriminele verhoor.
- Die kind moet daarvan kennis neem dat die rolspelers in die hof elke dag getuienis aanhoor van kinders wat getuig hoe hulle onsedelik aangerand is en dat hierdie intimiteit rondom onsedelike aanranding nie vir hulle vreemd is nie. Die rolspelers moet weet wat gebeur het. Dit beteken dat die kind juis moet vertel van dit wat hom skaam maak omdat dit die inligting is wat die hof benodig.
- Die kind moet weet wat van hom as getuie verwag word. Hy moet weet waarom mense hof toe gaan, hoe die hof lyk, wie in die hof werk, wat in die hof gebeur, wat die verskil tussen skuldig en onskuldig is, wat die eed beteken, wat tydens kruisondervraging gebeur, dat daar soms stiltes in die hof is omdat die rolspelers besig is om aantekeninge te maak, dat hy kan vra as hy 'n vraag nie verstaan nie en wat die rol van die tussenganger is. Hy moet verstaan dat dit belangrik is om hard en duidelik te praat.
- Die kind moet weet dat hy sy vrese oor die hof en die oortreder mag verwoord. Hy hoef nie bang te wees dat hy nie sal kan onthou nie. Hy mag sê hy kan nie onthou nie of dat hy nie die antwoord weet nie eerder as om die antwoord te raai. Sy motivering om 'n ander antwoord te gee kan wees dat hy dink die vraagsteller verwag 'n ander antwoord omdat hy die vraag herhaaldelik moet beantwoord.

Volgens Hollely (2000d:299) moet die kindergetuie weet dat hy tydens die verhoor versigtig na vrae moet luister, dat hy vrae so duidelik as moontlik moet beantwoord, en dat hy altyd die waarheid moet praat. Literatuur dui verder aan dat die kind moet weet hoe die hof lyk en wat daar gebeur, wie die rolspelers is en wat elkeen se funksie is.

**Vraag 5: Wat is die rol van die gesin tydens hofvoorbereiding?**

Die respondente het uiteenlopende sienings gehad van die rol van die gesin tydens hofvoorbereiding, soos hieronder aangedui word.

- Ouers se betrokkenheid by hulle kind word as 'n bedreiging vir die uitkoms van die saak beskou, omdat hulle subjektiewe betrokkenheid die kind se emosies kan beïnvloed.
- Ouers moet as betekenisvolle persone in hulle kind se lewe betrek word om die kind effektief te ondersteun; dit beteken dat hulle rol as ondersteuner goed omskryf moet word. Ouers se vertolking van skuldig en onskuldig veroorsaak egter soms meer trauma vir die kind as die oortreding self.
- Die ouer moet terapie ontvang om sy kind effektief te ondersteun. Die ouer moet deurentyd die kind verseker dat die onsedelike aanranding nie sy skuld is nie, selfs ook as die oortreder nie gevonnis word nie.

Die literatuur soos aangedui deur Murray (in Hollely, 2000d:297), bevestig dat die gesin, versorgers en betekenisvolle persone in die kind se lewe hom grootliks beïnvloed as gevolg van die uitwerking wat die regsproses op hulle het. Hulle moet hulle rol as ondersteuner verstaan om die getuie effektief te ondersteun.

Die navorser stem saam dat die kind beïnvloed word deur die effek wat die regstelsel op sy ouers het. Dit is dus noodsaaklik om die ouers effektief te ondersteun as deel van die proses waardeur die kind voorberei word om met minder spanning deel te neem aan die kriminele verhoor.

**Vraag 6: Op watter wyse kan die kind tydens hofvoorbereiding bemagtig word?**

Die respondente het verskeie wyses geïdentifiseer waarop die kind bemagtig kan word vir deelname aan die verhoor. Hieronder volg 'n samevatting van hulle response in hierdie verband.

- Die kind se spesifieke vrese omtrent sy rol in die kriminele verhoor moet aangespreek word. Indien die terapeut tydens hofvoorbereiding bewus word van vrese wat die kind het, moet die kind maniere gegee word om sy eie spanning te hanteer.
- Die kind se selfbeeld moet voor die hofsaak versterk word.
- Tydens die verhoor kan die kind bemagtig word deur hom eers op sy gemak te plaas met maklike vrae wat hy kan antwoord voordat hy moeilike vrae moet antwoord.
- Die wyses waarop met die kind gepraat word, die atmosfeer in die hof en die betrokke regspersone se stemtoon kan die kind se getuienis beïnvloed. Die kind moet daarop voorberei word dat hy moet praat, alhoewel hy weerstand het om te getuig.
- Die kind moet daarvan bewus gemaak word dat die verdediging herhaaldelik dieselfde vrae gaan vra maar dat die verdediging hierdeur bloot seker wil maak dat hy sy antwoord reg het. Die doel is nie dat die getuie sy antwoorde moet verander nie, maar eerder dat die verdediging die hof moet oortuig dat die getuie die waarheid en net die waarheid getuig.
- Voorbereiding op die verdediging se strategie is belangrik. Die kind moet weet dat hy goed moet luister, dat hy kan sê as hy nie verstaan nie, en dat hy mag vra as hy toilet toe wil gaan. Die kind mag sy eie taal gebruik om te verwys na sekere dele van sy liggaam, dit wil sê die taal waarmee hy gemaklik is.
- Indien die kind besef dat die staatsaanklaer hom verdedig en beskerm, kan dit hom bemagtig om te getuig; hy weet dan immers dat die staatsaanklaer aan sy kant is. Die kind mag ‘n speelding wat hom ondersteun tydens die verhoor by hom hê.

Murray, soos aangehaal deur Hollely (2000d:285) stel dit dat die kindergetuie ‘n gekompliseerde persoon is. As die kind se vrese egter voldoende aangespreek word kan op sy vlak gekommunikeer word om hom voor te berei op sy rol as kindergetuie en hom op so ‘n wyse bemagtig. Literatuur noem verder dat bestaande hofvoorbereidingsprogramme het ten doel om kinders te bemagtig om deel te neem aan die kriminele verhoor, om vrese te identifiseer en te hanteer. Murray (in Hollely, 2000d:302-303) meld spesifieke hofvoorbereidingsprogramme wat benut word om die kindergetuie te ondersteun met die oog op sy rol as ‘n getuie. Hierdie programme benut almal min of meer dieselfde basiese inligting, soos byvoorbeeld:

- inligtingsboeke oor die hof;

- oefeninge van rollespel waar kinders die geleentheid kry om die verskillende rolspelers met hulle funksies uit te speel;
- uitdrukking van gevoelens en vrese rondom die komende hofsaak deur middel van tekeninge;
- voltooiing van sinne, en ander metodes om spanning en angs te verlig en te hanteer;
- beheer van negatiewe gedagtes; en
- bevordering van geheue, en van vraagstelling- en luistervaardighede.

Verskeie spesifieke tegnieke kan benut word om die kind te bemagtig. Plotnikoff en Woolfson (in Hollely 2000:304) beskryf byvoorbeeld die "*worry cups*" metode waar die kind geleentheid kry om sy vrese in verskillende grootte koppies te plaas. Die grootte van die koppie wat benut word, dui aan hoe ernstig die probleem vir die kind is. Plotnikoff en Woolfson (in Hollely, 2000d:304-305) maak ook gebruik van spieroefeninge soos die *"Muddy puddle"* en "*Squeezing a lemon*". Hiervolgens word die kind bewus gemaak van hoe sy liggaam voel indien hy dit saamtrek en hoe dit voel wanneer hy ontspan. Die asemhalingstegniek van Saywitz en Snyder (in Hollely 2000d:304) word benut om spanning te verlig.

**Vraag 7: Watter rolspelers is na u mening belangrik tydens die hofsaak? Moet die kind op elke rolspeler se rol voorberei word?**

Die respondente het in hulle response verskeie rolspelers geïdentifiseer, en het ook aangedui hoe die kind voorberei kan word ten opsigte van die funksies van hierdie rolspelers.

- Kinders van 14 jaar en jonger kan in die Spesiale hof getuig. Die rolspeler wat dan betrokke is, is die tussenganger. Die mening is dat aansoek gedoen moet word dat 'n kind in die Spesiale hof kan getuig alvorens 'n tussenganger betrek word.
- Die terapeut wat hofvoorbereiding met die kind doen moet seker maak of die kind in die Strafhof (oop hof) of Spesiale hof gaan getuig.
- Die rolspelers in die Strafhof is soos volg: regter, staatsaanklaer, advokaat/ prokureur vir die verdediging, beskuldigde, getuie, stenograaf en hofordonnans. Ander moontlike rolspelers is die geneesheer wat die slagoffer ondersoek het, die

polisiebeampte, sielkundige en forensiese maatskaplike werker. Die kind moet kennis hê van al hierdie rolspelers.

- Elke rolspeler se funksie moet verduidelik word, byvoorbeeld deur tekeninge van die rolspelers of ‘n tekening van ‘n hand waar elke vinger ‘n rolspeler verteenwoordig.
- Die kind moet weet dat die staatsaanklaer se taak is om hom te ondersteun. Die kind moet met die staatsaanklaer kan kommunikeer.
- Dit wat elke rolspeler van die getuie verwag, moet aan die kind verduidelik word. Die terapeut moet die kind verseker dat nie een van die rolspelers hom kan seermaak of hom gevangenisstraf kan oplê omdat hy nie ‘n antwoord weet nie.
- Die identifisering van die beskuldigde kan ‘n probleem wees indien die kind nie emosioneel in staat is om hom te identifiseer nie.
- Die kind moenie na die beweerde oortreder kyk wanneer hy in die oop hof getuig nie.

Die literatuur soos aangehaal deur Hollely (2000d:300) maak melding dat die kindergetuie moet weet hoe die hof lyk en wat daar gebeur, wie die rolspelers is en wat elkeen se funksie is. Die rolspelers is soos volg: die regter, staatsaanklaer, verdedigende advokaat/prokureur, beskuldigde, getuie, stenograaf, hof-ordonans, tussenganger en ander betrokke rolspelers soos die geneesheer wat die slagoffer ondersoek het, die polisie-beampte, sielkundige of forensiese maatskaplike werker.

**Vraag 8: Is daar enige aspekte ten opsigte van die laerskoolkind wat spesifiek in ag geneem moet word tydens hofvoorbereiding?**

Soos hieronder aangedui word, het die respondente verskeie van die tersaaklike aspekte geïdentifiseer.

- Tydens hofvoorbereiding moet die kind se ontwikkeling, taalvaardigheid en sy kort aandagspan in aanmerking geneem moet word om vas te stel of hy in staat sal wees om in die hof te getuig.
- Weens die laerskoolkind se beperkte kennis van seksuele sake, moet die terapeut hom vergewis van wat presies die kind bedoel met woorde soos “rape” en “ougat”. In die hof kan die getuie aan die hand van anatomies-korrekte poppe verduidelik wat hy met sy taal bedoel.

- Die kind moet gesien word teen sy eie agtergrond en die terapeut mag nie haar eie afleidings maak nie. Die kind se kultuur moet tydens die verhoor in ag geneem word.
- Die hof moet 'n bekende plek vir die kind wees. Hy moet gerus gestel kan word wanneer die hofbeamptes, mediese dokter en die polisiebeampte wat die beëdigde verklaring van hom geneem het, daar sien. Die doel is om die kind selfvertroue te gee wanneer hy die hof as 'n grootmenswêreld betree deur die bekendheid van diegene wat daar werksaam is.
- Die kind se persoonlikheid moet in ag geneem word wanneer die staatsaaklaer hom in die hof benader. Die kind se voorkoms alleen is nie 'n aanduiding oor hoe hy benader moet word nie.
- Daar is 'n behoefte aan verdere opleiding om die kind in sy geheel te benader. Die behoefte is om te weet hoe om die kind te benader en hoe om vrae te vra sodat die kind meer gereed is om sy weergawe van onsedelike aanranding te gee. Regskennis is nie genoegsaam om die kind deur die regsproses te begelei nie.

Die literatuur aangehaal deur Gething en Papalia (1999:287) stel dit dat van kinders verwag word om meer volwasse te wees weens hulle veranderde leefwêreld en blootstelling. Hulle is egter nie klein grootmense, en voel en dink nog steeds soos kinders. Dit moet inaggeneem word tydens hofvoorbereiding. Die navorser ondersteun die noodsaaklikheid van opleiding aan regspersone sodat hulle in staat is om verantwoordelikheid vir die kindergetuie te neem.

**Vraag 9: Watter tegnieke, beginsels en hulpmiddels vanuit die Gestaltbenadering kan benut word in 'n hofvoorbereidingsprogram met die laerskoolkind?**

Regspersone dra normaalweg nie kennis van die Gestaltbenadering nie. Die respondente het twee algemene opsigte identifiseer waarin Gestaltbeginsels en die medium wat die terapeut tydens spelterapie gebruik, wat van waarde kan wees.

- Die Gestaltspelterapie sluit aan by die betrokke fase van die kind se ontwikkeling. Dit wil sê, die aktiwiteit en medium wat benut word deur die spelterapeut pas by die kind se ouderdom en ontwikkelingsvlak.
- Die kind se voorgrond word vasgestel deur sy sensoriese bewussynsvlak vas te stel.

die kind kennis omtrent die hof en prosedure ontvang om homself te kan identifiseer met die rol as getuie.

Die kind moet kennis omtrent die hof en hofprosedures ontvang om homself te identifiseer met sy rol as getuie. Volgens die respondente kan daar in hierdie verband van verskeie tegnieke gebruik gemaak word.

- Leëstoeltegniek, klei, tekeninge, onvoltooide sinne, monstertegniek, en roosboomtegniek kan benut word.
- Die hof kan bekend gestel word deur foto's en die poppekas te benut om die rolle en funksies van die rolspelers te verduidelik.
- Tekeninge kan benut word om die kind se gevoelens weer te gee.
- Daar moet gelet word op die kind se fisiese reaksies en oefeninge kan gebruik word om die liggaam te help ontspan.
- Om die kind se selfvertroue te verbeter, kan hy deur onvoltooide sinne gehelp word om sy goeie punte te identifiseer, veral dié waarvoor hy die afgelope tyd erkenning gekry het.
- Fantasiespel kan ook benut word om die kind voor te berei op struikelblokke wat hy moet oorkom. Sodoende kry die kind geleentheid om sy moeilike situasie deur te werk na die werklikheid. Die kind kry geleentheid om homself in 'n moeilike situasie in te dink en word gehelp om planne te maak om daar uit te kom.
- Daar kan reeds tydens assesering deur verhoudingsbou met spesifieke speletjies vasgestel word wat die kind se proses is volgens die manier waarop die kind optree. Op so 'n wyse kan vasgestel word hoe sekere vrae gevra kan word om die kind te help om vrae in die hof te verstaan en te beantwoord.
- Die kind se voorgrond word vasgestel deur sy sensoriese bewussyn vas te stel.
- Polariteite kan positief aangewend word om die kind se verhouding met die oortreder vas te stel, byvoorbeeld haat en/of liefde. Polariteite word benut omdat dit vir die kind moeilik is om vir die hof te verduidelik waarom hy weer terugkeer na die oortreder.
- Gevoelens van skuld kan ook met die kind deurgewerk word. Oaklander (1997) se assesseringstegnieke kan hier positief aangewend word.

- Sandspel met spesifieke diere wat die verskillende rolspelers verteenwoordig kan benut word om die kind voor te berei op die betrokkenes se versoeke in die hof. Togas en rollespel kan benut word om die kind voor te berei om te getuig.

Geldard en Geldard (2003:136) spesifiseer verskillende doelwitte wat met sekere mediums bereik moet word. Volgens hulle word bibliografie, tekeninge, fantasie, collage, poppe, sandspel en werkaktiwiteite benut om:

- die kind te ondersteun in sy bemeestering van moeilike insidente en gebeure;
- bemagtiging te bewerkstellig deur fisiese uitdrukking van gevoelens;
- verbalisering van gevoelens aan te moedig;
- vaardighede te ontwikkel om probleme op te los en keuses uit te oefen;
- sosiale vaardighede te ontwikkel;
- selfbegrip en selfbeeld te versterk;
- kommunikasievaardigheid te verhoog; en
- insig te ontwikkel.

Geldard en Geldard (2003:141-142) bevestig dat werkaktiwiteite kinders kan ondersteun om kennis te bekom, en aan hulle die geleentheid gee om keuses te maak ten opsigte van die aanvaarding of verwerping van reëls. Byvoorbeeld werkblaaie kan benut word om die kind se kennis omtrent die hof, hofprodures en sy rol as getuie te vermeerder met die oog op hofvoorbereiding.

**Vraag 10: Is daar enige ander aspekte ten opsigte van hofvoorbereiding wat u as belangrik ag of waarop die kind voorberei moet word?**

Volgens die respondente is daar drie algemene aspekte.

- Daar word van die regspersone verwag om ‘n gespesialiseerde diens te lewer aan die kind. Solank die kind egter blootgestel word aan die oortreder (en ander soortgelyke oortreders wat miskien dieselfde hysbak en ingang as die kind gebruik) kan daar nie sprake wees van ‘n gespesialiseerde diens nie.

- Alhoewel voldoende fondse nie beskikbaar is nie, bepleit regspersone ‘n afsonderlike gebou waar slegs die oortreder in ‘n seksuele misdryf in die hofgebou toegelaat word, en waar die oortreder ‘n ander ingang gebruik as die kind.
- Die uitkoms van die hofsaak moet met die kind deurgewerk word met die oog op voltooiing en afsluiting van die saak.

## 5.5 TEMAS VIR DIE HOFVOORBEREIDINGSPROGRAM

Uit die response van die respondente het daar verskeie temas na vore gekom wat aangespreek word in ‘n hofvoorbereidingsprogram. Dié temas word hieronder saamgevat.

- Die effek wat onsedelike aanranding op die kind en sy gesin het.
- Kennismaking en daaropvolgende verhoudingsbou.
- Die rol van die getuies en die kind se begrip van skuld en onskuld.
- Die doel van die hof en die funksies van al die rolspelers.
- Kruisondervraging.
- Die rëel van ‘n besoek aan die hof met die doel om kennis te verskaf in verband met die regspersone.
- Oophof of Spesiale hof.
- Die handhawing van ‘n oop-deur-beleid tot die afhandeling van die saak.

Na aanleiding van bogenoemde response is die onderstaande temas benut vir die hofvoorbereidingsprogram.

- Kennismaking en verhoudingsbou.
- Bekendstelling aan die hof: Strafhof / Spesiale hof.
- Hofprosedures.
- Die rol van die getuie.
- Die funksies van al die rolspelers.
- Kruisondervraging.
- Besoeke aan die hof.
- Opvolg na uitspraak en afhandeling.

In bylaag C word die hofvoorbereidingsprogram wat bogenoemde temas insluit, uiteengesit. As inleiding tot die program het die navorser ‘n uiteensetting van die doelstelling, die doelwitte vir elke sessie en die werkswyse (sien program) gegee. Daarna volg aktiwiteitsblaaie wat deur die kind voltooi kan word.

## 5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die empiriese gegewens en navorsingsbevindings gegee wat die navorser deur die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe bekom het. Ryk inligting is bekom wat goed korreleer met die literatuur. Die respondente het gemotiveer waarom dit noodsaaklik is om hofvoorbereiding met die kind te doen, wat die omvang van hofvoorbereiding behels asook waar hofvoorbereiding gedoen moet word. Die respondente het ook aandag gegee aan die tyd en die duur daarvan, spesifieke aspekte waaroor die kind moet van kennis neem en watter rol die gesin tydens hofvoorbereiding moet speel. Wyses waarop die kind bemagtig kan word en die funksies van elke rolspeler wat deelneem aan die verhoor is beklemtoon. Aspekte wat in ag geneem word wanneer die kind voorberei word om deel te neem aan die krimele verhoor sodat hy ‘n meer geloofwaardige getuie kan wees was beklemtoon. Op grond van hierdie data het die navorser sekere temas geïdentifiseer wat in die hofvoorbereidingsprogram benut is.

In die volgende hoofstuk word ‘n samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak ten opsigte van die studie. Tydens hierdie hoofstuk sal vasgestel word in hoe ‘n mate die navorser daarin kon slaag om ‘n hofvoorbereidingsprogram daar te stel om die kind voor te berei om as ‘n meer geloofwaardige getuie deel te neem aan die kriminele verhoor.